A.I.P



Afrikaans Improvement Programme

Booklet 1

Created by

Mr W.Voigt

Table of Contents

Foreword **1**

Passage 1 - Jakkals vertrou nie sy eie vrede nie **2**

Passage 2 - Wolf leer vlieg **4**

Passage 3 - Die Heks van Hexrivier **6**

Passage 4 - Antjie Somers **9**

Passage 5 - Varksige koeldrank **13**

Passage 6 - Boelies **15**

Passage 7 - Dis amptelik. Die hoender was eerste. **17**

Passage 8 - Om beter te kan hoor **19**

Passage 9 - Brakkie leef na 'n week in gat **21**

Completed **23**

Foreword

Hello. Thank you for taking part in Mr Voigt's Afrikaans Improvement Programme (AIP). This programme is designed for students studying Afrikaans as an additional language. It aims to improve your Afrikaans reading and comprehension skills.

In order for you to use this programme, you need to have a physical copy of this booklet as well as the relevant audio files. Both the booklet (PDF format) and audio files (MP3 format) are available for download free of charge on this website.

Please start by downloading the *Introduction* MP3 audio file that contains detailed instructions.

I hope and pray that this programme will greatly improve your Afrikaans reading and comprehension skills, and that you will have fun doing so.

Website:
http://mrvafrikaans.jimdo.co.za

Email:

mrvafrikaans@outlook.com

Disclaimer

I do not claim to have written any of the passages contained in this booklet. I do not claim to have created any of the images contained in this booklet.

All audio recordings on the website are of the passages in this booklet and were recorded by me.

Furthermore, I do not receive any compensation for anything used in this booklet nor for the audio files.

Jakkals vertrou nie sy eie vrede nie

Op 'n oggend snuffel Jakkals tussen 'n klompie bome rond, toe hy Hoenderhaan op 'n hoë tak gewaar.

"Môre, my liewe Haan," groet hy vriendelik.

"Môre, Jakkals," groet Haan.

"En waar stap jy dié tyd van die oggend nog rond?"

"Ek soek 'n bietjie ordentlike geselskap," sê Jakkals vinnig. "Maar dis nie lekker om so kop in die lug te staan en praat nie. Kom sit liewers hier by my."

"O nee," antwoord Hoenderhaan. "Ek ken jou streke. As ek naby jou kom, eet jy my op."

"Nog nooit nie!" roep Jakkals uit. "Het jy dan nie gehoor nie? Daar is vrede in Afrika onder al die nasies.''

"Koe-ke-le-koe!" lag Haan.

"Hoekom lag jy?" vra Jakkals.

“Nee, ek lag sommer vir al jou stories," antwoord Haan. "En dan lag ek vir my eie storie ook."

“Wat se storie is dit?" vra Jakkals.

"Gisteraand het Wildehond my bekruip," vertel Haan. Toe moes ek die bome in vlug. Nou is Boer met sy honde op pad om my te soek. Ek kan hulle al sien aankom."

"Nou ja, dan groet ek maar eers," sê Jakkals skielik haastig.

"Hoekom wil jy al loop Jakkals?" vra Haan. "Ons gesels nou eers lekker. Jy is tog seker nie bang vir die honde nie. Daar is mos vrede in Afrika.”

"O ja,"' antwoord Jakkals, "maar die vraag is of die onnosele honde daarvan

weet." En hy draf vinnig weg.

Woordeskat:

jakkals	
haan	
ordentlike	
streke	
vrede	
lag	
haastig	
honde	
onnosele	
draf	

Wolf leer vlieg

Wolf is moedeloos honger. Elke keer as hy by ‘n dooie dier kom, het Aasvoël lankal die lekkerste vleis afgeëet sodat net die kaal bene vir hom oorbly.

“Ai, Aasvoël,” kla Wolf, “kan jy dan nie vir my sê hoe jy so gou weet as daar iets te ete is nie?”

“Dis maklik, antwoord Aasvoël. “Ek vlieg hoog in die lug en kyk ver oor die aarde uit. Jy kan net tot by die bossies hier voor jou neus sien.”

“Leer my dan ook vlieg,” soebat Wolf.

“Goed,” sê Aasvoël. “Kom klim op my rug, dan kyk jy mooi wat ek doen.”

Aasvoël sprei sy kragtige vlerke, en Wolf moet net vasklou.

“Sien jy, Wolf?” roep Aasvoël toe hulle hoog oor ‘n lap doringbosse sweef. “Dis maklik. Spring nou af en klap met jou bene soos ek met my vlerke.”

Wolf duik deur die lug, maar hoe hy ook al skop en spartel, hy val soos ‘n klip, reg in die doringbosse.

“Eina!” tjank Wolf terwyl hy tussen die klouende takke uitsukkel.

“Laat dit vir jou ‘n les wees!” roep Aasvoël van bo af. “‘n Dier is gemaak om te loop, en ‘n voël om te vlieg. En as diere probeer vlieg, kom daar moeilikheid.”

Woordeskat:

moedeloos	

dooie	
Aasvoël	
maklik	
soebat	
rug	
kragtige	
vlerke	
sweef	
moeilikheid	

Die Heks van Hexrivier

Elise was ‘n mooi meisie. In die hele vallei het geeneen soos sy gewoon nie. Maar ongelukkig het sy aan hoogmoed gely.

As die jong mans by haar kom kuier, het sy net haar neus opgetrek en gesê: “Eendag sal die mooiste en beste en fluksste jong man my kry.”

Op ‘n dag kom Flip met sy sweetvos by die plaas aangery. Dit is goed om hom te hoor lag. Hy is mooi om na te kyk. Vir werk is hy nie bang nie. Toe weet Elise: dis die jong man vir wie sy gewag het. Maar sy is nog hoogmoedig. “Gaan pluk vir my die bloedrooi disa wat op die hoogste krans groei,” sê sy. “Dan sal ek weet dat jy my liefde werd is.”

“Ek gaan,” sê Filip.

Flip klim en klim, en soos hy klim, sing hy.

Flip klim en klim met ‘n lag.

Flip klim tot hy tussen die kranse kom. Daar ver op ‘n rotspunt wat oor die diepste afgrond hang, blom die rooi disa.

“Nou gaan ek jou pluk,” sê Flip. “My bruid wag vir my.”

Maar toe hy vooroor buk, krummel die klippe onder sy voet. Hy gryp, maar dis net die disa wat hy beetkry. Hy stort met die blom in sy hand na benede.

Toe Elise van Flip se dood hoor, breek haar hart. “Filip! Filip!” snik sy, maar dit is te laat. Filip! Filip!” huil sy, maar dit help nie meer nie. “Filip! Filip!” roep sy, en sy klim die berg in na die plek toe waar die bloedrooi disa gestaan het.

Toe sy die geknakte blomsteel sien en die spore van Filip se val, kan sy nie meer nie. Filip! Filip!” sug sy en sak inmekaar. En die afgrond gryp haar soos hy Flip gegryp het, en sy val haar te pletter.

En nou nog, vertel die mense, kan jy haar daar sien dwaal. Dis net ‘n skim wat van haar oor is. Haar geroep is ‘n suggie wind. Maar sy kan nie rus vind nie. Elke maanlignag kom sy weer om na haar Filip te soek, al sal sy hom nooit kry nie.

“Dis haar verdiende loon, sê die mense. “Haar hoogmoed het ‘n jong man se lewe gekos. Sy is ‘n heks!”

So het die mooiste jong meisie van die vallei die Heks van Hexrivier geword.

Woordeksat:

mooi	
hoogmoed	

flukssste (fluks)	
lag	
jong	
pluk	
krans	
liefde	
werd	
diepste	
afgrond	
blom	
bruid	
buk	
krummel	
klippe	
snik	
val haar te pletter	
verdiende	
heks	

Anjtie Somers

As paaiboelie het Antjie Somers geen gelyke in Afrikaans nie. “Oppas vir Antjie Somers. Hy sal jou in sy groot sak stop!” is ‘n dreigement wat baie geslagte kinders soet gehou het. “Hy“, ja, want Antjie Somers was natuurlik eintlik ‘n man. Hier volg een van die talle maniere waarop die verhaal vertel word.

Andries Somers was ‘n voorman onder die Strand se vissers. Wie kon soos hy ‘n treknet vasvat? Wie ‘n spaan met hom laat sak? Nee, niemand nie. En dapper! Waar iemand in gevaar gekom het, was Andries Somers eerste by. Nes ’n see-eend kon hy swem, en talle drenkelinge het hy land toe gebring as die ander al lankal moedverlore was.

Maar afguns is daar altyd, en skoorsoek is g’n kuns nie. Eendag op die strand pak ‘n klomp vissers hom. Andries laat nie met hom speel nie. Hulle kantel voor sy vuiste. Maar een bly te stil lê waar sy kop ‘n klip gevang het. Andries moet vlug, anders hang die mense hom dalk op. Hy kry ‘n sisrok van sy suster. Hy bind ‘n kopdoek om. Hy haak ‘n mandjie oor sy arm. Toe kies hy koers, diep na die binneland.

Op ‘n plaas agter die berge gaan verhuur hy hom. En hy werk weer soos net hy kan. Van die voordag staan hy bak tot dit laat word in die aand. Wingerd spit of pars of mis ry maak nie saak wat hulle doen nie. Andries Somers word die voorman op die plaas.

Maar die afguns het ore en ‘n storie baie tonge, en voor lank skinder die mense kliphard onder mekaar.

“Vertel ons,Andries, van die sisrok wat jy in jou huis wegbêre,” por die ene.

“En die kopdoek, Andries Somers ? Of is jou naam dalk eintlik Antjie?” pla ‘n ander.

“Antjie Somers! Antjie Somers!” koggel hulle.

Andries Somers laat sy kop sak, en hy maak of hy nie hoor nie, want naderhand kom daar weer nuwe rusie. Maar die derde dag toe kan hy hul geterg nie meer verduur nie. Daardie aand pak hy sy bondel, en hy maak dat hy daar wegkom.

Nooit weer keer Andries terug nie. Nêrens slaan sy spoor weer uit nie. Hy het soos ‘n gees verdwyn.

Maar al meer vertel die kinders wat saans teen die berg gaan hout soek van ‘n ou vrou wat hulle verjaag.

“Sy het ‘n rooi kopdoek,” sê een kind.

“Sy het ‘n sisrok met groot strepe.”

“Sy het ‘n lang mes.”

“En ‘n mandjie.”

“En ‘n streepsak oor haar skouer.”

“Sy wil ons vang en in haar sak prop!” kerm hulle.

En die grootmense skud kop. “Dit is daardie Antjie Somers,” sê hulle onder mekaar.

Andries Somers raak vergete: dapper Andries, flukse Andries, Andries wat altyd kon voorvat. Maar een storie word al luider en geslagte lank herhaal: “Antjie Somers! Antjie Somers, Antjie Somers gaan jou vang!”

Woordeskat:

paaiboelie	
dreigement	
voorman	
gevaar	
drenkelinge (drenkeling)	
moedverlore (moed + verloor)	
afguns	
skoorsoek	
strand	

sisrok	
kopdoek	
mandjie	
koers	
plaas	
verhuur (huur)	
skinder	
koggel	
naderhand	
gees	
verdwyn	
verjaag (jaag)	
kerm	
dapper	
flukse	
geslagte	

Varksige koeldrank

Wanneer jy lus is vir spek en te lui is om dit te maak, kan jy dit nou in `n botteltjie koop en sommer drink.

J&D Foods in Seattle het `n soutigheidjie aan die koeldrankbedryf bekend gestel en `n spek-gegeurde gaskoeldrank op die rakke gesit.

Coca-Cola is uit en varkie-koeldrank is nou die in-ding!

J&D Foods se eienaar, Justin Esch, het vir AOL News gesê dat die maatskappy aangegaan het om `n spek-gegeurde koeldrank te vervaardig, net betyds vir Kersfees.
"Ons het klaar spek-skoonheidsprodukte, spek-skryfgoed en eetbare spek-produkte vervaardig. Iets drinkbaar was volgende op die lys," sê Justin.
Justin vertel dat die koeldrank meer soos ham gesmaak het, maar na 'n lang gesukkel het hulle die perfekte spekgeur gekry.

Hy reken dat mense sommer hulle koeldrank saam met hulle eiers kan drink in die oggend as hulle regtig wil, veral as die tyd min is voor werk.



Vir R68,41 kry jy twee bottels spek-koeldrank, een pak Cheddar BaconPop popcorn, een buisie spek-lip-ice en 'n pakkie splinternuwe spek-gegeurde sous.

Woordeskat:

spek	
koeldrankbedryf (koeldrank + bedryf)	
eienaar	
maatskappy	
vervaardig	
skoonheidsprodukte (skoonheid + produkte)	
vertel	
gesukkel (sukkel)	
perfekte	
buisie	

Boelies

'n Boelie is iemand wat ander mense seermaak, lelike name noem of hulle laat voel hulle is nie deel van die groep nie. 'n Boelie probeer amper altyd beheer oor iemand anders kry. Dit hoef nie altyd met die vuiste te wees nie; soms is dit met woorde of lelike tekens. Partykeer weet boelies nie eens hoe erg hulle gedrag jou seermaak nie. Dikwels probeer hulle jou "kleiner" maak of laat jou sleg lyk om hulle beter te laat voel oor hulleself.

Navorsers weet nou hoekom sommige mense boelies is en het interessante dinge agtergekom oor sulke mense se selfbeeld. In party gevalle is boelies arrogant en voel net goed as hulle ander mense aftakel. In ander gevalle is die boelies selfbewus of skaam oor iets en boelie hulle ander om te voel hulle is in beheer en het mag. Baie boelies het swak of aggressiewe rolmodelle by die huis.

Hulle leer dan nie hoe om hul eie woede te hanteer of probleme op te los nie. Kinders wat by die huis mishandel word,

sal dikwels by die skool kleiner of jonger maats afknou om hul gevoelens te probeer verwerk.

Woordeskat:

boelie	
seermaak	
probeer	
beheer	
partykeer	
dikwels	
navorsers	
agtergekom	
selfbeeld	
selfbewus	
aggressiewe	
woede	
mishandel	
afknou	

Dis amptelik. Die hoender was eerste.

Wetenskaplikes aan die universiteite van Sheffield en Warwick het 'n superrekenaar gebruik om in te zoom op die samestelling van 'n eier en 'n antwoord op die eeu-oue vraag gekry, berig die Daily Star.

Die hoender het beslis voor die eier gekom.

Navorsers sê die samestelling van eierdoppe is van 'n protien (ovocledidin-17) afhanklik, wat slegs in 'n hen se eierstokke gekry word.

0C-17 dien as 'n katalisator om die ontwikkeling van die eierdop te versnel.

Dr. Colin Freeman van die Sheffield Universiteit het gesê dit word lankal vermoed dat die eier eerste gekom het, maar nou het hulle wetenskaplike bewyse dis andersom.

Woordeskat:

wetenskaplikes (wetenskaplike)	
universiteite (universiteit)	
superrekenaar (super + rekenaar)	
samestelling	
eierdoppe (eierdop)	
katalisator	
ontwikkeling	
vermoed	
bewyse (bewys)	
andersom	

Om beter te kan hoor

Hoekom het Yoda die kat vier ore? Om beter te kan hoor, my kind... Valerie en Ted Rock van Illinois in Chicago, het die vier-oor wollerige katjie twee jaar terug 'n huis gegee.

Hulle het by die plaaslike kroeg gesit en kuier toe `n groep gesuiptes die diertjie rondstuur om die tafel en hom gespot het. Vandat Yoda by die Rocks bly en sy foto op die internet verskyn het, het hy beroemd geword. Die Rocks het al oproepe van Good Morning America, Fox News en The Tyra Banks Show gekry as gevolg van Yoda se vier ore wat gesorg het dat hy so beroemd word. Yoda se bakkies was ook al in die London Guardian en Britse poniekoerante. Ongeag sy ekstra paar ore is Yoda, wat na die puntoor-karakter in Star Wars vernoem is, 'n doodnormale en `n liefdevolle bolletjie vreugde.

Sy ekstra ore is as gevolg van 'n genetiese mutasie. Yoda se eienaars is baie beskermend oor hulle katkind, omdat hulle vrees dat hy "gecatnap" gaan word oor hy so uniek is.



Woordeskat:

ore	
hoor	
Katjie (kat)	
plaaslike (plaaslik)	
rondstuur	
verskyn	
beroemd	
ongeag	
vernoem	
beskermend	



Brakkie leef na ‘n week in gat

Hy het net drie bene en 'n kort stompie vir 'n stert, maar diê hondjie het nog lank nie gaan lê nie.

Tendai, wie se naam "dankbaar vir God" bete-ken, is een van die ergste gevalle wat die dierewelsynsorganisasie Wetnose in Bronkhorstspruit in 'n lang tyd gesien het. So sê me. Debbie Herselman, hoofbestuurder van Wetnose. Diê ses maande oue basterbrakkie is sowat 'n week gelede deur 'n jong man daar aange-bring. "Hy was oortrek van die maaiers. Die wurms het hom byna lewend opgeëet," het Hersel-man gesê. VcAgens haar is Tendai in 'n gat op 'n plaas naby Refilwe, buite Cullinan, gevind. Werkers van die plaas het die man glo in kennis gestel. Die man het die hondjie eers huis toe geneem waar hy hom gewas het om van die wurms ontslae te probeer raak. "Toe hy eers besef die hondjie se beserings is erger as wat hy eers gedink het, het hy hom hierheen ge-bring." Tendai se linkeragterbeen moes verlede week tot onder sy knie geamputeer word en sy stert is nou 'n stompie. "Ons weet nie hoe hy in die gat beland het nie. Ons vermoed hy was dalk eers deur 'n motor raakgery en het toe op 'n onverklaar-bare wyse in die gat beland." Herselman het gesê

Tendai was minstens in week lank in die gat. "Hy was baie ontwater en uitgehonger," het sy gesê. Die organisasie se hokke is oortopens toe vol met sowat 290 honde, 60 katte, 5 donkies, skape en ander pluimvee. Die behoefte aan honde- en katkos is ook groot.

Woordeskat:

stert	
hondjie (hond)	
basterbrakkie (baster+ brakkie)	
oortrek	
gevind	
kennis	
wurms	
hierheen	
beland	
minstens	
organisasie	
sonkies (donkie)	
skape (skaap)	
pluimvee	
behoefte	

Booklet 1 completed!

Congratulations on completing the first booklet. You will be notified when Booklet 2 is available (This might already be available depending on when you started with this programme).

Before you start with Booklet 2, it would be great if you complete a little online test based on what you have learned in Booklet 1. You may take the time to study your vocabulary lists from Booklet 1, but when taking the test, I suggest putting your booklet away and answering it as best you can from memory.

To get the link to this assessment, simply email me which booklet you have completed and I'll reply with the assessment link. All you need to do is type in your "Name and Surname" and then your "Email Address" and click on "Next". The test will then begin. Simply type in your answers and click on "Submit". The form will be emailed to me and it will be marked. You will receive an email with your results.

Email: mrvafrikaans@outlook.com

I hope you had fun learning and that you will continue in this programme.